Geloofsonderskeiding in Skrifgesag

Marius Nel

Dowwe spieëls

Paulus was reg. Ons ken God se wil slegs gedeeltelik, want ons sien Hom net soos 'n wasige refleksie in 'n dowwe bronsspieël (1 Kor 13:12).

Selfs met die verligting deur die Gees, die gawe van die Nuwe Testament en byna twee millennia se nadenke, sien ons in die hede steeds slegs 'n raaiselagtige beeld van God en sy wil. Dikwels kyk ons as 't ware in verskillende spieëls, deurdat ons die Skrif uiteenlopend lees. So verdiep die raaisel van God se wil nóg verder.

Tydens die afgelope Algemene Sinode het twee uiteenlopende verslae as dowwe spieëls gedien wat God se wil oor homoseksualiteit totaal verskillend reflekteer het.

Gereformeerde hermeneutiek

Die eerste verslag het gepleit vir die aanvaarding van homoseksuele verhoudings van liefde en trou as 'n ware refleksie van God se hart.

Onderliggend aan dié verslag is 'n sogenaamde gereformeerde hermeneutiek wat tussen die skopus en die periferie van die Skrif onderskei.

Hiervolgens het nie alles wat in die Skrif staan, dieselfde gesag nie. Die kerk moet uit die skopus – daar waar die Lig gefokus is – leef. Die verslag neem Jesus en sy uitlewing van die liefdesgebod op 'n inklusiewe wyse teenoor alle gemarginaliseerdes, as die skopus wat die kerk se bediening behoort te bepaal. Daarom het dit gevra dat niepromiskue gays volledig as lidmate, ampsdraers en leraars in die kerk welkom moet wees.

Hermeneutiek van verligting

Die tweede verslag het aangevoer dat geen homoseksuele verhouding ooit God se wil kan reflekteer nie.

Die hermeneutiek onderliggend aan dié verslag is 'n sogenaamde hermeneutiek van verligting. Volgens dié hermeneutiese uitgangspunt is daar met die historiese neerslag van die openbaring van God se wil in die Skrif (spesifiek die Ou en die Nuwe Testament) enkele etiese en teologiese sake wat duidelik verander en verbreed is (byvoorbeeld die besnydenis ná die doop en Jesus se uitsprake oor moord).

Ander sake, soos die Ou-Testamentiese afkeer van homoseksuele gedrag, word egter steeds in die Nuwe Testament gehandhaaf. Die gevolg is dat dit as die tydlose refleksie van God se wil geneem moet word. Die kerk moet daarom kyk wáár die Lig mettertyd oor die hele spektrum van die Skrif geval het. Daarom het die kerk volgens die verslag geen ander keuse as om homoseksuele verhoudings af te keur nie.

Hoe dof is ons spieëls?

Onderliggend aan die twee verslae is 'n diepgaande teologiese verskil oor hóé dof (of indirek) die Skrif, as spieël van God se wil, werklik is.

Kan ons hoegenaamd ons postmoderne leefwêreld in die Skrif herken, of het die tydsverloop nie veroorsaak dat ons weinig, indien enige, riglyne oor huidige gebruike (soos gewettigde homoseksuele huwelike) daarin kan raaksien nie?

Omgekeerd moet ons vra of ons nie maar net besig is om dit wat helder in die Skrif is, doelbewus te verdof nie? Sou Paulus nie net vandag bloot ander woorde as dié in sy briewe gebruik het om steeds alle vorms van homoseksuele verhoudings te veroordeel nie?

Soos met alle spieëls, bevat die twee verslae beide bepaalde defekte wat ons blik op God verdof.

Die eerste verslag wat Jesus se aanvaarding van almal (gays ingesluit) as skopus neem, neem byvoorbeeld nie genoegsaam in ag dat Jesus wél sommige mense uit die koninkryk van God uitgesluit het nie (Matt 23:13-39). Dit onderskat die vernuwende gerigtheid van Jesus se omgang met sondaars (Joh 8:11).

Die tweede verslag bring weer die vraag na vore watter etiese sake werklik met die voortgaande openbaring, soos dit in die Skrif neerslag gevind het, verander en verdiep het. Is daar werklik vanaf die Ou Testament na die Nuwe Testament 'n verandering ten opsigte van slawerny, maar nie ten opsigte van homoseksualiteit nie? Dit is ook 'n vraag of ons konsekwent volgens dié hermeneutiese sleutel handel in die hantering van alle etiese sake (byvoorbeeld ten opsigte van egskeiding)?

Ons kyk moeilik by ons eie refleksie verby

Daar is 'n verdere probleem met spieëls. Hulle is nie net dof nie. Hulle weerkaats ook net die kyker se beeld. Sowel die dialogiese debat, as die verslae, het dit duidelik gemaak dat dit byna onmoontlik is om verby ons eie weerkaatsings in die Skrif te kyk.

Die pogings om deur die benutting van die genetiese wetenskap, sielkunde en selfs persoonlike getuienisse die helderheid van die twee hermeneutiese spieëls te verbeter, het grootliks slegs ons eie verskillende weerkaatsings in die Skrif net nóg helderder gemaak. Ons sien doodgewoon wat ons wil sien!

Is daar 'n derde weg, 'n weg wat hart en kop, mense en tekste, gister en vandag, reinheid en liefde, op 'n verantwoorde wyse rondom homoseksualiteit bymekaarbring?

Ja, daar is een, maar dis nie 'n maklike een nie. Die Sinode het immers koers gekies tussen die simplistiese uiterstes van die *schilla* van liberalisme (die Skrif keur gay-verhoudings af, maar ons verskil van die Skrif) en die *charibdis* van fundamentalisme (ons hoef nie die Skrif in konteks te lees nie, want alle gay-verhoudings word glashelder daarin afgekeur).

Om geloofsonderskeidend in mekaar se spieëls te kyk

Die waardes onderliggend aan die Seisoen van Luister dui vir ons 'n ander weg aan, 'n weg van geloofsonderskeiding sáám met mekaar.

Dit is 'n weg waarop ons sal moet leer om in mekaar se spieëls te kyk deur waarlik leerbaar te wees – leerbaar deurdat ons daadwerklik sal streef om 'n grondige hermeneutiek te ontwikkel.

Dit is 'n hermeneutiek wat nie net ons eie wêreldbeeld in die Skrif weerkaats nie, maar 'n grondige hermeneutiek waarmee ons alle etiese sake (egskeiding én homoseksualiteit) konsekwent kan benader.

Dit is 'n hermeneutiek wat aan beide die historiese ontwikkeling én die skopus van die Skrif reg laat geskied (vergelyk in dié verband NT Wright se hermeneutiese aanslag om die Skrif as 'n opvoering met vyf bedrywe te lees).

Ons sal dié weg nie net met wedersydse vertroue moet bewandel om God se wil in die Skrif te kan onderskei nie. Ons sal ons reisgesprek ook met wedersydse deernis en openheid moet voer - nie net teenoor gays nie, maar ook teenoor diegene wat fundamenteel van ons verskil (hetsy pro- of anti-gay huwelike). Dis die weg wat die kerk by Hartenbos begin bewandel het. Dit is 'n weg waaroor ons oplaas aan God rekenskap sal moet gee wanneer ons Hom eendag nie meer indirek in 'n dowwe spieël sien nie, maar direk, van aangesig tot aangesig.

● ***Marius Nel*** *is een van die predikante van die NG Gemeente Doornpoort in die Noordelike Sinode. Hy is 'n konsultant van die Projek vir Gestuurde Gemeentes in Pretoria.*

'Die pogings om deur die benutting van die genetiese wetenskap, sielkunde en selfs persoonlike getuienisse die helderheid van die twee hermeneutiese spieëls te verbeter, het grootliks slegs ons eie verskillende weerkaatsings in die Skrif net nóg helderder gemaak.'